

VOUBILJET

Slegs vir Dieregebruik

Nobilis® Gumboro 228E

Slegs vir gebruik deur of onder die toesig van persone wat geregistreer of goedgekeur is in terme van Afdeling 23(1)(c) van die Wet op Veterinêre en Paraveterinêre Beroepe, 1982 (Wet 19 van 1982)

Reg. Nr. G 2423 (Wet 36/1947)

Nobilis® Gumboro 228E is 'n lewendige entstof vir die aktiewe immunisasie van hoenders teen aansteeklike Bursa-siekte (Gumboro).

Berging

- Berg in die donker tussen 2°C en 8°C. Moenie vries nie.
- Vermy lang en herhaalde blootstelling aan hoë omgewingstemperature nadat die entstof uit die yskas gehaal is voor gebruik.
- Beskerm teen direkte sonlig.

Samestelling

Nobilis® Gumboro 228E is 'n gevriesdroogde entstof wat lewendige Gumborsiekte virus stam 228E in stabiliseerders bevat.

Inhoud

Nobilis® Gumboro 228E bevat per dosis 2.0 log₁₀ EID₅₀ van lewendige Gumborsiekte virus stam 228E. Die entstof pilletjie bevat stabiliseerders en gentamisien.

Waarskuwings

- Daar moet nie binne 21 dae voor slagting ingeënt word nie.
- Dit word aanbeveel dat alle hoenders op die plaas terselfdertyd ingeënt word.
- As dit nie moontlik is nie, moet die ingeënte hoenders van die nie-ingeënte hoenders streng apart gehou word. Sodoende sal die verspreiding van die entstof virus na die nie-ingeëte hoenders verhoed word.
- Vernietig alle ongebruikte, hersaamgestelde entstof, leë entstof houers, naalde ens. Deur bv. verbranding na voltooiing van inenting.
- Gedeeltelik gebruikte entstofhouers moet nie vir toekomstige gebruik bewaar word nie.
- Beskerm hersaamgestelde entstof teen direkte sonlig.
- Die entstof moet nie met ander entstowwe gemeng word nie.
- Die entstof moet nie gelyktydig met of binne 7 dae, na inenting met ander lewendige entstowwe, toegedien word nie.
- Gebruik volgens die aantal dosisse soos op die etiket aangedui.
- Was en ontsmet hande en toerusting na inenting.
- Moenie die entstof oopmaak of hersaamstel totdat gereed is om met inenting te begin nie.
- Gebruik die entstof binne 2 uur nadat dit hersaamgestel is.
- Die entstof moet opgelos word in die hoeveelheid water wat deur die hoenders binne 2 uur verbruik sal word.
- Hou buite die bereik van kinders en oningeligte persone.
- Alhoewel hierdie entstof onder 'n wye verskeidenheid toestande getoets is, mag dit faal as gevolg van verskeie redes. Indien dit vermoed word, raadpleeg 'n veearts en verwittig die registrasiehouer.

Voorsorgmaatreëls

- Net gesonde hoenders mag ingeënt word.
- As die drinkwater metode van toediening van die entstof gevolg word, moet daar seker gemaak word dat daar geen chloor of ontsmettingsmiddels in die water is nie.

- Die entstof-gemedikeerde water moet binne 1 tot 2 ure opgebruik word (maw. rakleef tyd van 2 ure) teen 'n temperatuur van 25°C of laer.
- Elke flessie moet onmiddellik nadat dit oopgemaak is gebruik word.
- Al die houers wat gebruik word vir hersamestelling en toediening van die entstof moet skoon en vry wees van roes en spore van reinigings- en ontsmettingsmiddels.
- Moenie die inhoud van beskadigde flessies gebruik nie.
- Dit is goeie inentingspraktyk om kontak met die oë, hande en klere te vermy wanneer die entstof hanteer word.

Gebruiksaanwysigings

Gebruik alleenlik soos aangedui.

Inentingsprogram

Die entstof virus stam 228E is 'n minder verswakte intermedieë aansteeklike bursale siekte virus ("IBDV") stam. As gevolg hiervan is die virus in staat om deur die moeder immuniteit teen 'n vroeë stadium deur te breek en sal beter deur die ingeënte trop versprei.

Die ouderdom waartydens die hoenders suksesvol ingeënt kan word, sal afhang van die vlak van moeder ontstaande teenliggaampies en daarom aan die soort hoenders en die manier waarop die moeder-teelhoenders ingeënt was.

Riglyne

1. Braaihoenders verkry van teëlhoenders wat met lewendige Gumboro entstowwe alleenlik ingeënt was, mag teen dag 7 –14 ingeënt word.
2. Braaihoenders verkry van teëlhoenders wat met geïnaktiveerde Gumboro entstowwe ingeënt was, mag teen dag 14 – 17 ingeënt word.
3. Die inenting van toekomstige lê-hoenders, verkry van teëlhoenders wat met lewendige Gumboro entstowwe alleenlik ingeënt was, behoort vanaf dag 14 – 21 uitgevoer te word.
4. Die inenting van toekomstige lê-hoenders verkry van teëlhoenders wat ingeënt met lewendige en geïnaktiveerde Gumboro entstowwe is, behoort vanaf dag 21 – 28 uitgevoer te word.

Die skema wat hierbo aanbeveel word, is gebaseer op die feit dat met die tyd-periodes die moeder ontstaande teenliggaampies in die spesifieke nageslag sodanig verminder het (bv. log₂ VN titer tussen ongeveer 7.0 en 8.5) om hulle suksesvol met **Nobilis® Gumboro 228E** in te ent, maar is nogtans hoog genoeg om hulle teen infeksies met sirkulerende veld virusse te beskerm.

Toediening

- Die entstof word deur die drinkwater teen een dosis per hoender toegedien.
- Die entstof behoort in 'n hoeveelheid water opgelos te word wat duer die hoenders binne 2 uur verbruik sal word.

Bereiding en Dosering

Drinkwater toediening

Die flessies moet onder water oopgemaak word. Koel, skoon chloorvrye water, wat vry is van yster en chloor moet gebruik word. Om die entstof virus te stabiliseer, word die toediening van 2g afgeroomde poeier melk per liter drinkwater (0.2%) aanbeveel. As gelyke dele vars melk en water gebruik word, sal die virus se aktiwiteit langer behoue bly.

Daar moet seker gemaak word dat die entstof gemedikeerde water binne 2 uur verbruik word. Daar moet seker gemaak word dat daar genoeg drinkbakke beskikbaar is, sodat al die hoenders tot die entstof gemedikeerde water toegang het, gedurende die een tot twee uur.

Afhangende van die weersomstandighede mag dit nodig wees om die hoenders van drinkwater te weerhou voor inenting. Daar moet seker gemaak word dat die hoenders dors is deur van die normale water voorraad vir een tot twee uur te weerhou, afhangende van die omgewingstemperatuur.

'n Voldoende aantal watertroë om genoegsame drinkplek te verskaf is noodsaaklik. Hierdie troë moet deeglik skoon en vry van ontsmettingsmiddels en reinigingsmiddels wees. Ontsmettingsmiddels en reinigingsmiddels moet nie gebruik word om die troë skoon te maak nie.

Die hoeveelheid water sal afhang van 'n groot verskeidenheid faktore insluitende omgewingstemperatuur, bevolkingsdigtheid ens. Dit word aanbeveel dat water-verbruikstabelle geraadpleeg word. 'n Voorbeeld van doseringskale is soos volg:

Los 1 000 dosisse in net soveel liters water as die ouderdom in dae van die hoenders tot 'n maksimum van 40 liters op.

Die entstof moet vroeg oggend gegee word aangesien dit die hoof drink periode is en ook die koel periode van die dag is. As groot troppe ingeënt word, word dit aanbeveel dat daar begin word deur net 'n gedeelte van die entstof op te los. As die entstof deur die sentrale water toevoer of proporsioneerder toegedien word, moet groter sorg getref word.

Vir aantal hoenders tussen standaard dosisse moet die volgende hoër dosis gekies word.

Immuniteit

Die eerste teken van teenliggaampie-respons sal een week na inenting waargeneem word.

Inentingsreaksies

Geen na-inentings reaksies is nog na inenting waargeneem by gesonde hoenders nie.

Aanbieding

Flessies bevattende 500, 1 000, 2 000, 2 500, 3 000, 5 000 en 10 000 dosisse onderskeidelik en verpak in kartonhouers van 10 flessies per houer.

Koppies wat 1 000, 2 500, 5 000, 10 000 of 25 000 dosisse bevat, wat in kartonhouers verpak is.

Registrasiehouer

Intervet South Africa (Pty) Ltd.

Spartanweg 20

Spartan, 1619

RSA

Tel: +27 (0) 11 923 9300

Faks: +27 (0) 11 392 3158

www.msd-animal-health.co.za